

TERUGVOERVORM VIR KONSULTASIEPROSES OOR KERKHERENIGING

Naam van gemeente: ..NG Kerk Rietbron.....

Sinode: *NG Kerk in Oos-Kaapland*

Belangrik

1. Hierdie vorm word gebruik vir die terugvoering van groepsgesprekke in die gemeente. 'n Kopie van die vorm word ook gebruik vir die opsomming van die gemeente se insette en kommentaar.
2. Baie belangrik: By die gemeente se opsommende vorm moet alle "rou data", maw die skriftelike terugvoering wat gekry is van al die gesprekke in die gemeente, aangeheg word.
3. Die gemeente se opsomming met die aangehegte rou data moet nie later as 31 Oktober 2007 by die sinodale kantoor wees nie. **Stuur dit aan:** Skriba SK, NGK Oos-Kaapland, Posbus 34842, NEWTONPARK PE, 6055.
4. Volledige bronne oor kerkhereniging is beskikbaar by www.ngkok.co.za/eenheid. Dit sluit **hierdie terugvoervorm** en die meegaande boekie, **Konsultasie oor Kerkhereniging**, in.

A. Die gesprekke self

1. Hoe wyd is in die gemeente gesprek gevoer en kommentaar gevra oor die vier voorstelle
[Merk al die blokkies wat van toepassing is]
 - x Kerkraad
 - x Wyke
 - .. Kleingroepe
 - x Lidmate: byeenkoms
 - .. Lidmate: individueel
 - .. Ander:
2. Is met die oog op die gesprekke sowel die Belharbelydenis as Begeleidende Brief aan lidmate beskikbaar gestel om te lees?
 - .. Ja
 - x Nee

B. Gesprekke oor die Konfessionele Basis

Wat is die kommentaar en terugvoering wat die gemeente gegee het oor die Konfessionele Basis van 'n nuwe kerkverband?
Mening oor die voorstel?

Verreweg die meerderheid van die lidmate is van mening dat die huidige drie Besondere Belydenisskrifte voldoende is. Sommige erken dat hoewel die Belharbelydenis (BB) skriftuurlik korrek is, dit niks nuuts toevoeg tot ons bestaande Belydenisse nie. Enkeles sien geen probleem met die opneem van hierdie BB in die nuwe kerkverband nie. Ander reken weer dat die nuwe Kerk ook 'n nuwe Belydenisskrif moet opstel.

Die KR is van mening dat die huidige Drie Fomuliere van Enigheid voldoende is maar respekteer die waarde van Belhar vir die VGKSA.

C. Die Model

Wat is die insette uit die gemeente oor die voorgestelde model?

Mening oor die voorstel?

Enkeles is van mening dat die huidige status quo gehandhaaf moet word – d.w.s. dat daar geen kerkhereniging, selfs nie op sinodale vlak, moet wees nie! Ander toon weer baie belangstelling in die assosiasie-lidmaatskap model. 'n Paar is van mening dat die huidige stryd tussen die VGK en NGKA oor kerkeiendom nog lank sal voortduur en dat ons ons nie nou moet steur aan hereniging nie. Daar is ook diegene wat geen probleem het met kerkhereniging tot op plaaslike vlak nie.

Die KR is van mening is dat kerkhereniging op Algemene sinodale-, sinodale- en ringsvlak kan plaasvind maar wil op plaaslike (gemeentelike) vlak sy eie identiteit behou.

D. Gesamentlike projekte

Watter bydraes is daar in die gemeentegesprekke gelewer oor die voorstelle vir gesamentlike projekte?

Mening oor die voorstel?

D. Gesamentlike Projekte. Die meerderheid van die lidmate is dit eens dat daar wel op hierdie vlak samewerking moet wees. Afgevaardigde lede vanuit die twee kerkrade van die NGK en die VGKSA kan sinvolle gesprekke voer oor wedersydse behoeftes met terugvoering aan die onderskeie kerkrade.

Hulp met die opleiding van lekepredikers (VGK), pastoraat en gemeentebou en/of finansiële hulp m.b.t. die verskaffing van dienste van 'n moontlike emeritus-leraar vir die VGK, kan praktiese projekte wees. Gesamentlike dienste op groot kerklike feesdae (bv. Pinkster), hulp met basaars, ens. is van die projekte wat ook genoem word. Tans is 'n paar gemeentevroue ook vrywillig betrokke by die maandelikse sokkombuis van die VGK. Die skriba en fin. voorsitter se kundigheid word ook met groot dank deur die VGK aangewend. Die plaaslike leraar en 'n emeritus-leraar lei ook periodiek die eredienste by die VGK.

Die KR wil d.m.v. 'n afvaardiging 'n gesprek met die VGK aanknoop rondom wedersydse behoeftes. Die KR blyk positief te wees rondom gedeeltelike hulpverlening aan die VGK. Die plaaslike leraar tree ook alreeds op as konsulent, terwyl die skriba en voorsitter van die Fin. kom. se dienste gratis aangewend word in die VGK gemeente. 'n Emeritus-leraar-lidmaat lei ook periodiek die eredienste daar. Een plaaswyk is prakties betrokke by die basaarinsameling van die VGK terwyl 'n ander wyk gereelde biduurdienste hou d.m.v. die ouderling van die NGK.

E. Versoeningsprosesse

Die voorstelle oor versoening handel veral oor die konflikte in gemeentes van die NGKA en die VGKSA. Dit raak egter ook die NG Kerk:

Mening oor die voorstel?

E. Versoeningsprosesse. Ongelukkig benadeel die huidige konflikte tussen die VGK en NGKA die hele versoenings- en herenigingsproses. Sommige lidmate van die NGK skuil nou gerieflikheidshalwe agter hierdie uitgerekte hofsake en sien dus geen noodsaak om voort te gaan met kerkhereniging nie.

Op plaaslike vlak is daar 'n mate van verwydering tussen die lidmate van die NGK en die lidmate van die VGK saam met die vele ander denominasies. Daar is by sommige lede van die bruin gemeenskap 'n sekere mate van werkskuheid aangesien die maatskaplike toelaes (sg All Pay) die illusie skep van betaling vir geen werk. Drankmisbruik en losse sedes verger die kloof tussen die verskillende kerklidmate. Daar is 'n wye opvatting dat die bruinmense van vooraf opgevoed moet word alvorens daar sprake van hereniging kan wees.

Die KR besef dat hierdie opvoedingswerk deur die ywerige bediening van die Evangelie moet geskied – op voetsoolvlak in elke werksverhouding maar ook gestruktureerd deur die verskillende ampte van die kerk. Daaraan wil ons onverpoos begin E. Versoeningsprosesse. Ongelukkig benadeel die huidige konflikte tussen die VGK en NGKA die hele versoenings- en herenigingsproses. Sommige lidmate van die NGK skuil nou gerieflikheidshalwe agter hierdie uitgerekte hofsake en sien dus geen noodsaak om voort te gaan met kerkhereniging nie.

F. Moontlike naam van 'n nuwe kerkverband

Indien daar in die gesprekke spesifieke menings of voorstelle ten opsigte van 'n naam vir die nuwe kerkverband na vore gekom het, gee dit asseblief hieronder weer:

Nuwe Geref Kerk in SA.

Indien daar inligting is wat nie in die gegewe blokkie kon inpas nie, of ander sake wat u sou wou noem, kan u dit aan hierdie vorm heg.

Baie dankie vir u deelname en aandeel!!

Stuur hierdie vorm voor 31 Oktober 2007 aan: Skriba SK, NGK Oos-Kaapland, Posbus 34842, NEWTONPARK PE, 6055